**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE HIBRIEDE (VIRTUELE / IN PERSOON) VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 15 APRIL 2021 OM 10:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster *(virtueel ingeskakel)* |

***

| AKSIE |
|---|

**BKN001/04/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig, waarna Raadslid Du Plooy die vergadering open met gebed.

***

**BKN002/04/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/04/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN004/04/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 11 MAART 2021**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in vir bespreking.

Die Direkteur Gemeenskapsdienste versoek dat die besluit soos geformuleer by ***BKN011/03/2021*** gewysig word.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering, soos gehou op Donderdag 11 Maart 2021, bekragtig word, onderhewig aan die onderstaande wysiging, soos versoek deur die Direkteur Gemeenskapsdienste:

***BKN011/03/2021***

1. *Dat die Raadslede en Direkteure skriftelik insette en kommentaar aan die Direkteur Gemeenskapsdienste voorsien vir byvoeging in die Gemeenskaps- en Landelike Veiligheidsplan; en*
2. *Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste die gewysigde Gemeenskaps- en Veiligheidsplan by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 30 Maart 2021 voorlê vir bespreking / goedkeuring.*

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN005/04/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP DONDERDAG 11 MAART 2021**
***(Die verslag, soos apart elektronies versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks terugvoer en rapporteer dat die besluite in die praktyk en op die stelsel afgehandel is. Sy rapporteer verder dat die video vir die publieke deelname proses 50% afgehandel is en teen Donderdag 15 April 2021 aan die publiek versprei sal word. Sy bedank spesifiek die Hoof: Kommunikasie en sy student, Amerandi Valentyn, asook vir almal wat insette gegee en goed saam gewerk het tydens hierdie projek.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Donderdag 11 Maart 2021.

***

**BKN006/04/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/04/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/04/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

LIEF

1. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste verjaar op Sondag 17 April 2021;

2. Dat 2 jong manne van Porterville, in die CPUT rugbyspan gespeel het wat op die televisie uitgesaai is en meld dat hy baie trots was toe hy dit sien en vra die Direkteur Gemeenskapsdienste om ons gelukwensing aan hulle oor te dra; en

3. Dat die Wes-Kaapse Minister van Behuising, mnr. Tertius Simmers, titelaktes en sleutels van huise op Dinsdag 13 April 2021 oorhandig het in Velddrif. Hy bedank alle rolspelers wat bygedra het tot hierdie geleentheid.

LEED

1. Dat me. E. Hermanus, werksaam by Velddrif kantoor, met kanker gediagnoseer is en wens hy haar alle sterkte toe in hierdie moeilike tyd; en

2. Dat me. E. Schreuder van Porterville se moeder oorlede is en dat Raadslid Daniels blomme oorhandig het aan die familie om te simpatiseer.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste verjaar op Sondag 17 April 2021 en wens hom alles wat geseënd is vir die komende lewensjaar.

***

**BKN009/04/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/04/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/04/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER: OPSTEL VAN AGENDAS EN NEEM VAN NOTULES**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item breedvoerig in.

Die Speaker gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking met spesifieke verwysing na die proses van items / aanbevelings vanaf die Staande Komitees na die Raad.

Uiteenlopende insette en kommentaar word gelewer met spesifieke verwysing na die opstel van agendas en notules van die onderskeie komitees van die Raad.

Die volgende kwessies word uitgelig:

- Dat strategiese rigting ontbreek in agendas / notules; en
- Dat terugvoering / rapportering oor strategiese kwessies nie weergegee word in notules nie.

**BESLUIT**

1. Dat alle Portefeulje Voorsitters en Direkteure versoek word om moeite te doen om strategiese kwessies op die agendas te plaas vir bespreking;

2. Dat die Voorsitters van die verskillende komitees die ander Staande Komitee notules lees om te monitor of daar items / kwessies is waaraan hulle aandag moet gee, kommentaar moet lewer en of dit enige invloed

***MUNISIPALE BESTUURDER***

het op hul funksies; en

3. Dat strategiese uitdagings op die agendas van die Staande Komitees geplaas word vir bespreking en aanbeveel word vir besluitneming deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***

**BKN012/04/2021**
**<u>PIKETBERG GHOLFBAAN ERF 2136 PIKETBERG</u>**
**PB. 2136**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in. Hy meld dat die item handel oor die moontlike onteiening van die Gholfbaan in Piketberg en hou die aanbeveling vir goedkeuring voor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Raadslid Daniels lig die Komitee in dat navraag gedoen was deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee of Die Piketberg Gholfklub geregistreer is by Boland Gholf, waarop die Direkteur Gemeenskapsdienste bevestig het dat die klub wel gederegistreer is by Boland Gholf.

Op navraag van Raadslid Wessels oor hoekom ‘n onteieningsproses gevolg word, meld Raadslid Daniels dat daar nie ‘n terugval klousule in die ooreenkoms met Die Piketberg Gholfklub vervat is nie.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met spesifieke verwysing na die bestaan van die Gholfklub en watter prosesse gevolg moet word indien die Gholfklub nie ‘n eienaar het nie.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat in gesprek getree word met die lede van die Piketberg Gholfklub en dat die afvaardiging van Bergrivier Munisipaliteit sal bestaan uit die Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester, die Speaker, Raadslid Daniels, die Munisipale Bestuurder en ander lede soos aangewys deur die Munisipale Bestuurder, ten einde die terugname van Erf 2136 Piketberg te bespreek;

2. Dat indien ‘n ooreenkoms nie bereik kan word nie, daar, ooreenkomstig die toepaslike delegasies, ingevolge die Wet op Onteiening van Grond, 1975 (Wet 63 van 1975) by die relevante Minister aansoek gedoen word om onteiening van Erf 2136 Piketberg, indien die nodige fondse beskikbaar gestel word om die eiendom te bekom;

3. Dat, indien die grond verkry moet word met die bedoeling om gesubsidieerde behuising / erwe daar te vestig, ‘n aansoek deur die behuisingsafdeling by Provinsiale Regering Wes-Kaap: Departement Menslike Nedersettings ingedien word om befondsing vir die aankoop van Erf 2136 Piketberg te bekom;

4. Dat, indien die grond vir Munisipale ontwikkelings verkry moet word, voorsiening gemaak word in die begroting om die eiendom aan te koop, asook om die eiendom as bate in die Munisipale bateregister op te neem (huidige Munisipale waardasie is tans R 3 000 000).

***

**BKN013/04/2021**
**PMU & BUILDING CONTROL – MARCH 2021**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Wessels lig die item kortliks toe.

Raadslid Wessels meld dat die verslag nie meer voortaan aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir kennisname nie.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee note the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN014/04/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN015/04/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN016/04/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN017/04/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN018/04/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN019/04/2021**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

*******

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:30***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***